Promosie-artikel

# Die Tuli:
## 'n Veldaangepaste winsbees

*Deur CP van Rooyen*

'n Op-en-wakker jong landbou-adviseur het in die 1940's besef dat die inheemse mense van Zimbabwe (die destydse Suid-Rhodesië) 'n beesras het wat kop en skouers bo die res uitstaan. Hy het dadelik die kans aangegryp om seleksies te maak en dié ras verder te ontwikkel. Vandag het ons die Tuli, 'n opreggeteelde, inheemse *Sanga*- en Afrika-ras, wat uitstekend presteer en 'n opskudding in die beeswêreld veroorsaak.

Tuli-telers landswyd is dit eens dat dié ras uitblink in talle streke wat nie eintlik vir beesboerdery geskik is nie en besonder gunstig met ander rasse vergelyk.

### Noukeurige seleksie

Wyle Len Harvey, die 'vader' van die Tuli-ras, het vertel dat seleksie vir mediumraam, enkelkleurige poenskopbeeste met goeie produksie-eienskappe al vir meer as 50 jaar suksesvol toegepas word.

Kenmerke en eienskappe wat veral uitstaan, is hoë vrugbaarheid, 'n rustige en vriendelike temperament, langslewendheid, aanpasbaarheid, bemarkbaarheid, die poenskopfaktor en gehardheid.

Volgens Len is die Tuli-ras se leuse maksimum produktiwiteit teen lae insette en lae koste. "Die Tuli het 'n fyn beenstruktuur, wat die diere help om gemaklik in rotsagtige gebiede en berge te beweeg. Diere met 'n fyn beenstruktuur hoef nie te sukkel om 'n swaar liggaam by die weiding te kry nie."

Volgens Len is dit belangrik dat 'n koei elke jaar 'n kalf moet produseer. Die dragtigheidsyfer in sy kudde was 94%, terwyl die meeste ander beesrasse 'n gemiddelde dragtigheidsyfer van 85% toon.

"Koeie moet minstens 45% van hul eie gewig teruggee – iets waarmee die Tuli groot sukses behaal. Ek was die afgelope tien jaar aangenaam verras dat die koeie 46 tot 50%, en in sommige gevalle selfs 60%, van hul eie gewig teruggegee het en elke jaar 'n kalf geproduseer het. Nog 'n voordeel is dat hulle baie maklik kalf.

"Bemarkbaarheid is nog 'n belangrike aspek van produksie. Produsente wil nie sukkel om hul beeste of speenkalwers te bemark nie. Hulle wil ook nie te veel spandeer om hulle bemarkbaar te kry nie. Die Tuli se speengewig is dikwels tussen 230 en 250kg, wat 'n gesonde gewig is wat goed met enige ander ras vergelyk," het hy vertel.

### Weerstandig en aanpasbaar

Die Tuli se fyn beenstruktuur lei tot vinnige beenontwikkeling. Gevolglik is hulle geneig om vinniger spier- en vetmassa op te tel. Ander eienskappe wat die ras gewild maak, is goeie weerstand teen bosluise en bosluisgedraagde siektes, 'n gladde haarkleed en die vermoë om maklik by enige omgewing aan te pas.

Hoewel die Tuli in baie gebiede voorkom wat nie eintlik vir beesboerdery geskik is nie, vergelyk dié beesras se prestasies goed met ander rasse s'n. Die poenskopfaktor onderskei hulle van ander inheemse rasse – nagenoeg 90% van Tuli-diere is poenskop, wat 'n groot besparing op arbeid beteken.

Len meen die Tuli is een van die vrugbaarste inheemse rasse. Eienskappe soos hoë vrugbaarheid, gehardheid en aanpasbaarheid is inherent aan dié ras.

### Uitstaande eienskappe

- Uitstekende vrugbaarheid.
- 'n Goeie karkas en konformasie, met 'n uitstekende oogspier-tot-karkas-verhouding.
- Oorwegend poenskop.
- Maklike kalwing (27 tot 36kg).
- Perfekte uiers met baie melk om 'n goeie speenkalf te produseer.
- Natuurlike weerstand teen bosluis-gedraagde siektes en parasiete.
- Vermoë om onder strawwe toestande in verskeie habitatte te floreer.
- Goeie basterkrag.
- Mediumraam met 'n gladde haarkleed.
- Kalm temperament.
- Langslewendheid.

Die Tuli het homself nie net aan boere in Suidelike Afrika bewys nie, maar ook in Australië, Argentinië en Noord-Amerika. Daar was ook die afgelope tyd 'n groot aanvraag vir Suid-Afrikaanse genetika noord van die landsgrense, veral in Botswana, Zambië en Zimbabwe.



*Tuli-koeie is bekend vir hul vrugbaarheid, kalwingsgemak en hoë dragtigheidsyfer, wat meebring dat hulle gemaklik elke jaar 'n kalf produseer. (Foto verskaf deur Amelia Tuli's)*

Vir meer inligting, skakel die Tuli Beestelersgenootskap van Suid-Afrika by 051 410 0958 of besoek *www.tulicattle.co.za*.